Voortrekkersweg 1050
Wonderboom-Suid
Pretoria 0084
Tel: (012) 335-6806
Fax: (012) 335-6587
Web: www.wonnies.co.za
E-pos: hswb@wonnies.co.za

Die Hoërskool Wonderboom

19 Oktober 2020

TOETSREEKS-ALGEMENE REËLS : GRAAD 8-11

Die eindjaar-toetsreeks is om die draai en graag gee ons aan u die algemene reëlings deur:

Die Graad 8-11 toetsreeks begin op 16 November 2020. Graad 10 en 11 leerders het reeds praktiese toetse in die voorafgaande week. Die reëlings vir die toetsreeks is soos volg:

- **Sessie 1** is van 8:00-11:00 – Leerders tree reeds om 7:30 aan.
- **Sessie 2** is van 13:00-16:00 – Leerders tree reeds om 12:30 aan.
- **Graad 8 en 9 leerders skryf slegs tydens die eerste sessie.**
- Die toetsreeks word in kombinasie-verband geskryf. Kombinasielyste vir Graad 8-11 sal op die aansteekbord by die aantreeblad wees. Leerders moet kontroleer waar hul toets skryf. Graad 8 en 9 leerders se lokale bly vir die duur van die toetsreeks dieselfde terwyl graad 10 en 11 leerders se lokale daagliks verander. COVID-19 maatreëls word toegepas en leerders gaan in kleiner groepe skryf.
- **Leerders kom dus slegs skool toe in die tydgleuf waarin hul skryf. Leerders moet betyds reël om na afloop van die toetssessie afgehaal te word omdat leerders nie op die terrein kan wag nie.**
- Indien 'n leerder laat is, kan die leerder die toetssessie geweier word. Die leerder verbeur ook die tyd wat verloor is.
- Indien 'n leerder afwesig is, moet die skool die betrokke oggend geskakel word. 'n Doktersbrief moet ook dadelik ingehandig word. Die doktersbrief bied aan die leerder toegang tot 'n siekte-toets. Indien geen doktersbrief ingehandig word nie, ontvang die leerder 'n 0-punt.
- 'n Leerder wat 'n doktersbrief ingehandig het by die data-kantoor, moet **self met die betrokke vak se personeellid reël** om die siekte-toets betyds in te haal.
- Gewone skoolreëls geld. Leerders se voorkoms moet dus 100% korrek wees.
- Leerders wie se voorkoms verkeerd is, sal eers huis toe moet gaan om reg te maak, voordat die leerder toegang tot die toets kry. Dit kan tot gevolg hê dat die leerder 'n toets mis of laat is vir 'n toets en nie die volle tyd ontvang nie.
- Tydens die toets-sessie mag leerders geen tasse by hul hê nie, slegs skryfbehoeftes word toegelaat in 'n deurskynende houer. Leerders mag ook nie skryfbehoeftes by mekaar leen nie.
- Indien 'n leerder, wie oneerlik is tydens die toetsreeks, gevang word, sal die leerder se antwoordstel ingeneem word. Die leerder sal 'n nuwe antwoordblad ontvang en mag voortgaan binne die tyd wat nog beskikbaar is. Die saak sal na afloop van die toets-sessie ondersoek word. Hierdie leerder kan dan verdere toetse geweier word indien hy/sy skuldig bevind word.
- **Leerders kan nie vroeër of later as die tye van die sessie toetse skryf nie.**

Die toetsreeks tel 'n groot deel van die leerder se finale punt en goeie voorbereiding is dus baie belangrik. Sterkte aan elke Graad 8-11 leerder met dié toetsreeks.

TOETSREEKS NOVEMBER 2020

DATUM	GRAAD 8	GRAAD 9	GRAAD 10 OGGEND	GRAAD 10 MIDDAG	GRAAD 11 OGGEND	GRAAD 11 MIDDAG
10 NOV					Gasvryheidstudies Prakties Groep 1	
11 NOV					Gasvryheidstudies Prakties Groep 2	Musiek Prakties (12:00 – 16:00)
12 NOV					Gasvryheidstudies Prakties Groep 3 Drama Prakties (8 uur)	Drama Prakties
13 NOV			Ontwerp Prakties (6 uur) Visuele Kuns Prakties (6 uur) Drama Prakties (8 uur)	Drama Prakties	IT (Teorie + Prak.) (2 uur) Visuele Kuns Prakties (8 uur) Ontwerp Prakties (8 uur)	Visuele Kuns Prakties Ontwerp Prakties
16 NOV	Afrikaans V1 (1 uur)	LOR ($1\frac{1}{2}$ uur)	Ekonomie (1 uur) Fisiese Wetenskap (1 uur)	Visuele Kuns Teorie (1 uur)	Visuele Kuns Teorie (2 uur) Ontwerp Teorie (2 uur)	Afrikaans V2 (2 uur)
17 NOV	SWA (1 uur)	Afrikaans V1 (1 uur)	RTT (Prak + Teorie) (1 uur) Ontwerp Teorie (1 uur)	LOR (1 uur)	Geografie (2 uur)	Engels V1 ($1\frac{1}{2}$ uur)
18 NOV	Engels (1 uur)	SWA (1 uur)	Geografie (1 uur)	Engels V1 (1 uur)	Toerisme (2 uur)	Drama Teorie (2 uur)
19 NOV	NW (1 uur)	Engels V1 ($1\frac{1}{2}$ uur)	Afrikaans V1 ($1\frac{1}{2}$ uur)	Toerisme (1 uur)	RTT (Prak + Teorie) (2 uur)	Geskiedenis (2 uur)
20 NOV	Wiskunde V1 ($1\frac{1}{4}$ uur)	Skeppende Kuns ($1\frac{1}{2}$ uur)	Rekeningkunde (1 uur)	Gasvryheidstudies Teorie (1 uur)	Musiek (Beluistering) (1 uur) Fisiese Wetenskap (2 uur)	Musiek Teorie (2 uur)
23 NOV	EBW (1 uur)	Wiskunde V1 ($1\frac{1}{2}$ uur)	Besigheidstudies (1 uur)	Engels V2 (1 uur)	Afrikaans V1 ($1\frac{1}{2}$ uur)	
24 NOV	Skeppende Kuns ($1\frac{1}{2}$ uur)	EBW (1 uur)	Lewenswetenskap (1 uur)	IT (Prak + Teorie) (1 uur)	Rekeningkunde (2 uur)	Ekonomie (2 uur) IGO (2 uur)
25 NOV	Tegnologie (1 uur)	NW (1 uur)	IGO (1 uur) Geskiedenis (1 uur)	Afrikaans V2 ($1\frac{1}{2}$ uur)	Besigheidstudies (2 uur)	
26 NOV	Afrikaans V2 (1 uur)	Tegnologie (1 uur)	Gasvryheidstudies Prakties Groep 1	Drama Teorie (1 uur)	Lewenswetenskap (2 uur)	

Integriteit Respek Verantwoordelikheid Diensbaarheid Erkenning

27 NOV	SWG (1 uur)	Afrikaans V2 (1 uur)	Wiskunde V1 (1 uur) Wiskundige Geletterdheid V1 (1 uur)		Wiskunde V1 (2 uur) Wiskundige Geletterdheid V1 ($1\frac{1}{2}$ uur)	LOR (1 uur)
30 NOV	Wiskunde V2 ($1\frac{1}{4}$ uur)	SWG (1 uur)	Wiskunde V2 (1 uur) Wiskundige Geletterdheid V2 (1 uur)		Wiskunde V2 (2 uur) Wiskundige Geletterdheid V2 ($1\frac{1}{2}$ uur)	
1 DES	LOR ($1\frac{1}{2}$ uur)	Wiskunde V2 ($1\frac{1}{2}$ uur)	Gasvryheidstudies Prakties Groep 2		Gasvryheidstudies Teorie (2 uur)	Engels V2 (1 uur)
2 DES		Engels V2 (1 uur)	Gasvryheidstudies Prakties Groep 3			

M LEZAR
SKOOLHOOF

T MC GEER
ADJUNKHOOF